higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

BEDRYFSBESTUUR
NKR VLAK 3

13 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 1.1.1 Spanwerk
1.1.2 SABS
1.1.3 Gehaltebeheer
1.1.4 Aandeelhouers
1.1.5 Risiko-evaluering
1.1.6 Vaktydskrifte
1.1.7 Gebeurlikheidsplan
1.1.8 Risiko
1.1.9 Personeelontplooiing
1.1.10 Menslike hulpbronne

(10 × 1) (10)

1.2 1.2.1 Die streng beleid waar geen verskonings aanvaar of uitsonderings gemaak word nie.

1.2.2 Geld of wins wat verdien word deur ‘n produk te verkoop of ‘n diens te lewer.

1.2.3 Mense wat seker maak dat die omgewing rondom die onderneming nie besoedel word nie.✓✓
Hulle is daar om mense op te voed oor aardverhitting en die negatiewe uitwerkings wat dit op die wêreld het.

1.2.4 Die houding en benadering tot ‘n mens se werk

1.2.5 Die instrument wat gebruik word om te meet hoe goed werknemers aktiwiteite wat aan hul toegewys is, uitgevoer het.

(5 × 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 2

2.1
- Dinkskrums – werknemers word gevra om hul ervaring in die werkplek te gebruik om met nuwe idees na vore te kom oor hoe om bedrywighede te verbeter.
- Fokusgroep – klein groepies individue wat uit alle vlakke in die onderneming gekies is, kry die verantwoordelikheid om metodes van gehalteverbetering te ondersoek.
- Kontrolelyste – ‘n goeie manier om te beklemtoon hoe belangrik die uitvoering van bepaalde take as deel van die algehele proses is.
- Diagramme en grafieke – dit word gebruik om statistiese data met betrekking tot prosedures met een oogopslag te ontleed.
- Norm – die onderneming handhaaf hoë standaarde wat deur mededingers gehandhaaf word en streef daarna om daarop te verbeter.
- Inspeksies – toesighouers kontroleer dat prosedures gevolg word en dat ty den koste in aanmerking geneem word.
- Nulgebreke--programme (7 × 2) (14)

2.2
- Negatiewe personeelhoudings
- Gebrek aan begrip van gehaltekwessies
- Gebrek aan verbintenis tot gehalte
- Gebrek aan hulpbronne (4 × 2) (8)

2.3
- Gehaltebeheer – wanneer Sello identifiseer watter produkte nie aan die onderneming se standaarde voldoen nie.
- Gehalteversekering – maak seker dat produkte nie onder die vasgestelde standaarde is wanneer hulle vervaardig of deur klante gebruik word nie.

(2 × 2) (4)

2.4
- Risiko-aanvaarding✓ - Sello moet bereid en gereed wees om die risiko’s te aanvaar, omdat dit so groot kan wees dat geen versekeringsmaatskappy bereid sal wees om teen hierdie tipe risiko te verseker nie.✓
- Risikovermyding✓ - Sello moet seker maak dat hy dit wat ook al nodig is uit die bedryfsplan verwyder ten einde te verseker dat die risiko nooit realiseer nie.✓
- Risikobeheer/beperking/verligting✓ - Sello moet seker maak dat hy deurentyd op hoogte bly van hoe waarskynlik dit is dat die risiko sal gebeur en ‘n plan van aksie ontwikkel om te implementeer indien nodig.✓
- Risiko-oordrag✓ - Sello moet die risiko aan die versekeringsmaatskappy oordra deur versekering te verkry teen enige risiko waarvoor hy te staan kan kom.✓ (4 × 2) (8)

2.5
- Risikobestuur moet nuttige inligting aan TFF se bestuur voorsien om hulle te help om die risiko’s te verstaan.
- Risikobestuur moet TFF help verstaan hoe goed sy werklike risiko’s bestuur word deur beheermaatreëls wat geïmplementeer is.

- Sello moet verseker dat daar op die toepaslike beheervlak besluit word nadat hy ‘n koste-ontleding gedoen het.
- Sello moet verseker dat risikobestuur deurlopend op ‘n deursigtige manier hersien, bygewerk of verander word. (4 × 2) (8)

2.6
- Personeelafweigheid
- Binnegevegte as gevolg van swak spankeuses
- Stakingsoptrede deur werknemers weens loongeskille en ander faktore
- Subkontrakteurs wat begrotings oorskry en nie sperdatums nakom nie
- Onbetroubare leweringstye weens onbetroubare verskaffers
- Interne hulpbronne wie se lewering/uitset minder effektief as dié van subkontrakteurs is
- Onvoldoende of onversoenbare tegnologie (7)

[45]

VRAAG 3

3.1 Subkontrakteurs
- Wanneer Sello ‘n ander onderneming se dienste gebruik om van die werk te doen. ✓✓
- ‘n Firma of persoon wat die werk vir ‘n onderneming as deel van ‘n groter projek uitvoer. (Enige 1 × 2)

Ondernemer/Handelaar
- Wanneer Sello ‘n ander onderneming betaal om ‘n bepaalde funksie vir hierdie onderneming te verrig.✓✓
- Enigiemand wat goedere of dienste koop en verkoop. ‘n Ondernemer koop produkte en dienste en verkoop dit dan weer aan ‘n ander onderneming of individu. (Enige 1 × 2) (4)

3.2
- Sello moet seker maak dat hy die sukses van die bedryfsplan bepaal.
- Sello moet seker maak dat hy die probleemareas in TFF identifiseer en maniere vind om dit te hanteer.
- Hy moet vasstel wat TFF anders kon gedoen het.
- Sello moet identifiseer hoe slaggate in die toekoms vermy kan word. (4 × 2) (8)

3.3
- Ontvangspersoon
- Kok
- Skoonmaker
- Sjef
- Kelner (Enige 4 × 1) (4)

3.4
- Sello moet die werknemers waarneem en beoordeel terwyl hulle hul take uitvoer.
- Sello moet verseker dat daar simulasie is, waartydens die werknemers take onder toesig uitvoer.
- Hy moet werknemers toelaat om selfevaluering te doen en daaroor terug te rapporteer. (3 × 2) (6)

3.5
- Hy moet weet dat dit belangrik is om nie werkers wat ook ander spertye het, te oorlaai nie.
- Hy moet verseker dat personeel duidelike aanwysings ontvang deur van betroubare kommunikasiekanale gebruik te maak.
- Hy moet verseker dat werknemers nie enige twyfel oor die kommunikasielyne/kanale het nie.
- Sello moet werknemers prys wanneer hulle hul werk goed doen, omdat erkenning motivering verbeter.
- Indien werk nie betyds voltooi word nie, moet Sello die kwessie op so 'n manier hanteer dat werknemers uit hul foute kan leer. (5 × 2) (10)

3.6
- Die bedryfsplan illustreer die realiteit van dit wat gedoen moet word, sodat daar nie later enige verrassings is nie.
- Die bedryfsplan dien as 'n kontrolelys vir diegene wat b y die implementering van die plan betrokke is, sodat hulle kan sien watter take afgehandel is en watter nog uitstaande is.
- Die bedryfsplan stel beplanners in staat om areas of take wat problematies kan wees, te identifiseer.
- Die bedryfsplan verskaf 'n sigbare fokus vir elke departement, eerder as net 'n vae idee van wat gedoen moet word.
- Die bedryfsplan verseker dat almal saamwerk om gemeenskaplike doelwitte te bereik – oorvleueling van take asook verkwisting van tyd en hulpbronne sal vermy word. (5 × 2) (10)

3.7
- Stel klante eerste
- Streef na geen gebreke
- Opleiding en ontwikkeling
- Deurlopende verbetering (4)

[46]

VRAAG 4

4.1
- Alle werknemers moet van die kommunikasielyne/kanale bewus wees.
- Gebruik die mees algemene en doeltreffende metode vir die doel.
- Departemente wat gedurig met mekaar kommunikeer, moet die kommunikasiekanale gereeld evalueer om te toets hoe betroubaar dit is.
- Beklemtoon die onderlinge afhanklikheid van sakestelsels tydens nuwe werknemers se induksieproses.

(4)

4.2
- Kommunikasiemetode✓ - TFF kan 'n intranet gebruik as metode om sy werknemers ingelig te hou, eerder as interne memorandums.✓
- Verhoudings tussen sakestelsels✓ - sakestelsels met goeie onderlinge verhoudings is meer geneig om kennis en inligting te deel.✓
- Kontinuïteitsbestuur✓ - Sello moet seker maak dat 'n exit* onderhoud gevoer word met werknemers wat die onderneming verlaat, om hul kennis van die werk vir hul opvolgers op te teken.✓ (3 × 2) (6)

(5)

4.3
- Sello moet daarop fokus om verkope te groei en winsgewendheid te verhoog.
- Sello moet die aandeelhouers inlig oor al die sakebesluite wat geneem word.
- Sello moet gereeld met beleggers vergader en hulle inlig oor die planne wat aan die kom is.
- Sello moet verseker dat die onderneming werk om die koste te verminder en produktiwiteit te verhoog.
- TFF moet gereelde finansiële en maatskappyverslae publiseer sodat die onderneming se werksaamhede deursigtig is.

4.4
- Onbuigsame klantedienspraktyke vervreem klante en stuur hulle na die mededingers toe.
- Sello moet weet dat dit negatiewe gevolge sal inhou as hy die belang van die onderneming bo die werknemers stel.
- Plaaslike en provinsiale regering is ondernemings goedgesind wat gretig is om aan die nasionale SEB-beleid te voldoen.
- Hy moet verseker dat hy die aandeelhouers raadpleeg oor sake wat hulle kan raak, en die onderneming geld kan kos.
- Hy moet seker maak dat TFF aan al die wette wat die onderneming beheer, voldoen. (6)

4.5
- Deursigtigheid
- Morele standaarde
- Gehalte
- Etiese standaarde (4)

4.6
- Maak wins
- Vermy bankrotskap
- Uitbreiding
- Gemeenskapsopheffing

(4)

4.7 Spesifiek – Open ‘n ander, groter winkel teen 2027 in ‘n groter taxi-staanplek.

Meetbaar – Sit geld opsy om ongeveer R100000 per jaar bymekaar te maak.
Kry ‘n lening om fondse te verkry.

Ooreengekom/Bereikbaar (‘Agreed/Attainable’) – Bekom meer inligting oor die beskikbaarheid van ruimte.

Kyk na huurgeleenthede***

Realisties – Toets die lewensvatbaarheid en doen ‘n uitvoerbaarheidstudie oor die moontlikhede

Tydsgebonde – Die nuwe, groter winkel moet in 2027 open

(5 × 2) (10)
[39]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL 150

Kopiereg voorbehou